Vrydag 4 Desember
Skrifgedeelte: Nehemia 9:12-21
Fokusgedeelte: Nehemia 9:17
Maar U is 'n God wat vergewe!

Nehemia se gebed is verhoor en hy is deur die koning van Persië na Jerusalem gestuur om die leiding met die opbou van die stadsmure te neem. Na baie jare se harde werk is die werk voltooi en het daar vir die volk 'n nuwe fase aangebreek. Nehemia en Esra, die priester en skrifgeleerde, kon die volk toe met die herstel van die tempeldiens en in hulle toewyding aan God lei.

Hoofstuk 8 begin met die aanbreek van nuwejaarsdag (die sewende maand). Die volk het gevestig en hulle wil weer normaal feesvier en God met blydskap dien. In Hoofstuk 9 word vertel hoe hulle vir 'n vasdag bymekaar gekom het. Die Skrifgedeelte van vandag is deel van 'n gebed wat agt Leviete op die vasdag gebid het – 'n pragtige gebed wat na God se hand in die geskiedenis van die volk verwys.

In die gebed skroom die Leviete nie om na die sondige koppigheid van die volk tydens die woestynreis te verwys nie en hulle doen dit nog vier maal in die gebed om na die opstandigheid van die volk by ander gebeure te verwys (vs 26, 28, 29, 30). *"Maar U is 'n God wat vergewe, genadig, barmhartig, lankmoedig, vol liefde. U het hulle nie verlaat nie"* (vs 17).

Hoe kan ons ooit God se troue liefde en genade verstaan? Hy het sy Seun na ons gestuur om sy volmaakte liefde aan ons te openbaar soos Hy in sy trou belowe het. En op grond van Jesus Christus se soenoffer aan die kruis en ons geloof in Hom as ons enigste Verlosser mag ons dit ook bid en uitjubel: Maar U is 'n God wat vergewe! Al was ons sondes so rooi soos bloed, dit sal wit word soos sneeu. Amen!

*Sing: Psalm 38-1:1, 17*

*Dr. SJ (Kobus) van der Walt (Emeritus)*